# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 6

> *Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap … (vers 1)*

Mense sê graag vir jou hulle maak hulle nie moeg oor dié of

dáárdie geloofsaspek nie; hulle glo soos 'n kind. En dit is goed om onwrikbaar die Bybelboodskap te omhels. Maar ongelukkig kan dit ook 'n verskoning wees om nie dieper te delf in die Woord nie en tevrede te wees met die bietjie Sondagskool-kennis wat hulle het.

Die Here het by monde van Hosea gesê: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (Hos 4:6, OAV). Dit is die Hebreër-skrywer se frustrasie ook. Sy lesers is nog babatjies in die geloof (Heb 5:11-14) wat vasgesteek het by die basiese begrippe van Christen-wees. Geestelike volwassenheid verg meer. Dit vra kennis oor die volle inhoud van die evangelie (vers 1).

Daarom flikker die rooi ligte vir die kerk. Al hoe minder lidmate lees die Bybel soos hulle behoort. Ek kry al hoe meer katkisante wat werklik niks van die Bybel weet nie; nie eers waar om die boek Matteus in die Bybel te kry nie.

Net geloof wat gevoed word deur kennis van die evangelie kan jou help om staande te bly.

## Onlangse Bydraes


- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026